# Faktore wat tot die totstandkoming van die Middeleeuse universiteit as instelling bygedra het

***Factors that contributed to the establishment of the Medieval university as an institution***

**Morné Diedericks**
Lektor, Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies (AROS)
Pretoria
Suid-Afrika
E-pos: morne.diedericks@aros.ac.za



Morné Diedericks

| | |
|---|---|
| **Morné Diedericks** verwerf die graad in B-Th tale by die Noordwes-Universiteit, sy honneurs in Kerk- en Dogmageskiedenis by die Calvyn Instituut van die Universiteit van die Vrystaat en sy Meestersgraad in Dogmatiek by die Noordwes-Universiteit. In 2015 verwerf hy sy PhD in die Filosofie van die Opvoedkunde by die Noordwes-Universiteit. Hy is 'n dosent by Aros (Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies). | **Morné Diedericks** obtained his degree in B-Th languages at the North-West University, his honours in Church- and Dogmatic History at the Calvin Institute of the University of the Free State and his Master's Degree in Systematic Theology at the North-West University. In 2015 he obtained his PhD in the Philosophy of Education at the North-West University. He is a lecturer at Aros and teaches the modules Philosophy of Education and Religious Education |

**ABSTRACT**

***Factors that contributed to the establishment of the Medieval university as an institution***

*Over the centuries, institutions such as universities have often undergone reforms as a result of significant societal changes or instability. It can be compared to a school system which, when it is functioning well, undergoes no substantial change, but when there is disorder, reform becomes inevitable. The university is an age-old institution that has undergone several reforms to adapt to changing times and challenges. The most prominent university reforms occurred in the late 1800s during the development of the German or Von Humboldt university model. These reforms coincided with a reassessment of the origins and essence of the university, as outlined in Rashdall's major work,* The Universities of Europe in the Middle Ages *(1895), and Newman's* The Idea of a University *(1852).*

*Towards the end of the twentieth century, a new wave of reform began, which continues to this day. These reforms were spurred on by factors such as the massification of universities,*

**Datums:**
Ontvang: 2024-06-06 Goedgekeur: 2024-10-23 Gepubliseer: Desember 2024


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n4a1

calls for decolonisation and significant technological changes of the 21st century. Questions such as What is a university? or What should a university be? arose as a result of these changes. This period of reform also gave rise to new historical studies on the origin and development of universities.

A natural reaction for any institution drifting away from its core functions is to return to its origins. In this context, founding documents and background information regarding the establishment of an institution play a decisive role. In South Africa, with the significant increase in newly private established higher education institutions over the past decade, the question of the essence of the university is highly relevant. When examining the essence of a university, it is essential to consider Medieval universities. Although Medieval universities would not be considered universities in today's context, they were nevertheless indispensable for the scientific progress of that time. What made medieval universities unique was that they had designed a model that was used worldwide. Even ancient higher education institutions adopted the title of "university". Against this background, the research question of this article is: What are the factors that contributed to the establishment of the medieval university as an institution?

A comprehensive literature review was conducted to examine existing knowledge on the subject. This study included influential publications such as Rashdall's *The Universities of Europe in the Middle Ages* (1895), Haskins's *The Rise of the Universities* (1923), Cobban's *The Medieval Universities: Their Development and Organization* (1975), Rüegg's *A History of the University in Europe* (2004) and Janin's *The University in Medieval Life* (2014). Relevant background information on the social, economic and cultural context of the Middle Ages as well as the role of ecclesiastical and secular authority structures and the promotion of higher education in a period of social and intellectual change were studied. Primary sources, such as the statutes and founding documents of the first medieval universities, have been analysed to gain insight into their structure, functions and tasks.

Several factors, such as the guild system, economic prosperity and intellectual development in Europe during the later Middle Ages, recognition of the university by authorities and the stabilisation of the university through the formulation of rules and statutes on how a university should function, leading to the foundation of the medieval university have been identified by means of this research. These factors were also present during the founding of the first universities, and their effect on, for example, the oldest university, namely Bologna, is also discussed in this article.The concept, *universitas magistrorum et scholarium* – a community of students and masters – arose as a result of the guild system and formed an integral part of the original universities. Although modern universities offer a wider spectrum of disciplines and perform various other functions, such as research and public service, it is still crucial that the core, namely the exchange of knowledge, is preserved despite administrative and research pressure on lecturers, as well as technological changes, although technology can also improve the relationship between lecturers and students.

As already indicated, the economic boom and intellectual development in Europe during the Middle Ages contributed to the establishment of the first universities. Economic prosperity of a community is extremely important as it provides financial support for the establishment and maintenance of a university, as well as for many prospective students and lecturers. Such an economic base creates a favourable climate for encouraging interest in culture and the acquisition of knowledge, emphasising the need for higher education, such as universities.

Recognition of the university as an institution by the pope and emperors gave universities the opportunity to expand and develop their individuality as an institution. University regulation continues to play a crucial role in the integrity of a particular institution, emphasising the


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n4a?

*necessity of participation in quality assurance practices by regulatory bodies as these are of significantl benefit to a university.*

*Finally, the medieval university would not have developed into today's unique, influential institution without going through the stabilisation phase, which was characterised by the formulation of rules and statutes. This phase is equally important for the modern university in continuing high quality teaching. The same applies to factors that contributed to the establishment of the medieval university which should be considered as minimum requirements. In summary, factors that influenced the development of the medieval university remain fundamental to contemporary universities, which should be preserved despite continuous changes and challenges.*

**KEYWORDS:** Authentica Habita, guild System, history of universities, Medieval University, University of Bologna, university system

**TREFWOORDE:** Authentica Habita, gildestelsel, Middeleeuse Universiteit, Universiteit van Bologna, universiteitsgeskiedenis, universiteitswese

**OPSOMMING**

Deur die eeue heen moes instellings soos universiteite dikwels hervormings ondergaan as gevolg van beduidende veranderinge of onstabiliteit. Die einde van die 20ste eeu is gekenmerk deur 'n nuwe golf van hervorming, wat steeds voortduur. Hierdie hervormings is aangepor deur faktore soos die massifikasie van universiteite, oproepe tot dekolonialisering en tegnologiese veranderinge in die 21ste eeu. Die vraag, Wat is 'n universiteit? of Wat behoort 'n universiteit te wees?, het as gevolg hiervan ontstaan. Verder het die hervormingstydperk aanleiding gegee tot indringender geskiedkundige studies oor die ontstaan en ontwikkeling van universiteite.

Om die totstandkoming van die eerste universiteite beter te verstaan, speel stigtingsdokumente en agtergrondinligting van die universiteit 'n belangrike rol. Wanneer die wese van die universiteit ondersoek word, is dit belangrik om die ontstaan van die Middeleeuse universiteit te bestudeer. Wat Middeleeuse universiteite uniek maak, is die ontwerp van 'n model wat wêreldwyd in gebruik geneem is. Teen dié agtergrond is die navorsingsvraag van hierdie artikel: Wat is die faktore wat tot die totstandkoming van die Middeleeuse universiteit as instelling bygedra het?

Verskeie faktore, soos die gildestelsel, ekonomiese welvaart en intellektuele ontwikkeling in Europa gedurende die laat Middeleeue, erkenning van die universiteit deur owerhede en die stabilisering van die universiteit deur die formulering van reëls en statute oor hoe 'n universiteit moet funksioneer, is met behulp van navorsing geïdentifiseer. Hierdie faktore was ook aanwesig tydens die stigting van een van die eerste universiteite, en die effek daarvan op byvoorbeeld een van hierdie oudste universiteite, naamlik Bologna word ook in hierdie artikel bespreek. Faktore wat bygedra het tot die totstandkoming van die Middeleeuse universiteit is steeds van toepassing op moderne universiteite en behoort as minimum vereistes beskou te word.

## Inleiding

Dit was deur die eeue die geval dat 'n instelling as gevolg van beduidende veranderinge of onstabiliteit noodgedwonge hervorming ondergaan het. 'n Skoolstelsel kan as voorbeeld gebruik word. Indien 'n skoolstelsel goed funksioneer, is wesentlike veranderinge dikwels

onnodig, maar sodra daar tekens van wanorde of swak leeruitkomstes is, dan raak hervorming byna onafwendbaar. Dieselfde geld vir universiteite wat as ou instelling ook verskeie veranderinge ondergaan het. Die bestudering van hierdie geskiedenis is noodsaaklik om die faktore wat tot universiteitshervorming lei, beter te verstaan. Baie universiteitshervormings het in die laat 1800's, tydens die ontwikkeling van die Duitse of Von Humboldt universiteitsmodel (Diedericks, 2022:5-7), plaasgevind waartydens daar 'n terugblik was op die totstandkoming van die universiteit in byvoorbeeld die standaardwerk van Rashdall (1895): *The universities of Europe in the middle ages*. Daartydens is daar weer, aan die hand van onder andere die belangrikste werk oor die universiteit deur Newman (1852): *The idea of a university,* oor die aard van 'n universiteit besin.

Die volgende groot universiteitshervorming, wat steeds voortduur, het aan die einde van die 20ste eeu plaasgevind. Groot veranderinge en onstabiliteit, wat dit noodsaaklik gemaak het om oor 'n universiteit as instelling te besin, sluit onder andere die massifikasie van universiteite (Kerr, 2001), 'n oproep tot dekolonialisering (Higgs, 2012 & Alemu, 2018) en groot tegnologiese veranderinge tydens die 21ste eeu (Hall, 2013) in. Hierdie veranderinge en onstabiliteit het opnuut vrae soos wat 'n universiteit is of selfs wat 'n universiteit behoort te wees laat ontstaan, wat met behulp van die naspeurbare geskiedenis oor die totstandkoming en ontwikkeling van die universiteit beantwoord kan word (Rüegg, 2004).

Na aanleiding van nuutgestigte privaat hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika die afgelope dekade (Diedericks, 2019:3), is die vraag oor die aard van universiteite binne Suid-Afrikaanse verband baie relevant.

Middeleeuse universiteite sou byvoorbeeld nie in die moderne eeu as sodanig erken word nie, maar vir wetenskaplike vooruitgang en in die konteks van daardie tyd het hulle 'n noodsaaklike funksie vervul. Die vraag is dus wat die Middeleeuse universiteit so uniek gemaak het dat dié ontwerp wêreldwyd aanvaar is, dat selfs antieke hoëronderwysinstellings bereid was om hul naam te verander sodat die term "universiteit" daarin sou voorkom. Watter faktore het gedurende die Middeleeue tot so 'n mate tot die ontwikkeling van Europese universiteite bygedra dat hoëronderwysinstellings steeds die titel "universiteit" verkies? Teen hierdie agtergrond is die navorsingsvraag van hierdie artikel: *Wat is die faktore wat tot die totstandkoming van die Middeleeuse universiteit as instelling bygedra het?* Die geïdentifiseerde faktore vanuit die artikel is: die gildestelsel, ekonomiese oplewing en intellektuele ontwikkeling in Europa tydens die Middeleeue, erkenning van die universiteit deur owerhede en die stabilisering van die universiteit tydens 'n hervormingsfase deur die opstel van reëls en statute wat die funksionering van 'n universiteit moes bepaal.

**Metodologie**

Ten einde die navorsingsvraag te beantwoord, is daar 'n omvattende literatuurstudie gedoen deur verskeie akademiese bronne en gesaghebbende literatuur te raadpleeg, wat 'n kontekstuele raamwerk vir die identifisering van bydraende faktore tot die totstandkoming van die Middeleeuse universiteit daargestel het. Bestudering van die belangrikste literatuur, onder andere deur Rashdall (1895) *The universities of Europe in the middle ages*, Haskins (1923) *The rise of the universities*, Cobban (1975) *The medieval universities: Their development and organization*, Rüegg (2004), *A history of the university in Europe. Vol 1. Universities in the Middle ages* en Janin (2014) *The University in Medieval Life*, het meer inligting verskaf oor die historiese konteks en belangrike aspekte tydens die stigting van Middeleeuse universiteite.

Daarna is relevante agtergrondinligting ondersoek om die sosiale, ekonomiese en kulturele kontekste van die Middeleeue te verstaan. Die rol van kerklike en sekulêre gesagstrukture, asook die bevordering van hoër onderwys ten spyte van maatskaplike en intellektuele ontwikkeling is bestudeer om die historiese konteks van die totstandkoming van Middeleeuse universiteite beter te begryp. Verder is primêre bronne, veral historiese dokumente, soos statute en verbandhoudende stigtingsdokumente van die eerste Middeleeuse universiteite bestudeer, wat meer insig in die struktuur, funksies en take van Middeleeuse universiteite gegee het. Statute het byvoorbeeld lig gewerp op die vroeë organisatoriese modelle van universiteite en die regulerende rol van gesagstrukture.

Data met betrekking tot die navorsingsvraag bestaan uit faktore wat bygedra het tot die totstandkoming van die Middeleeuse universiteit as instelling. Hierdie faktore behels die gildestelsel, ekonomiese welvaart en intellektuele ontwikkeling in Europa gedurende die Middeleeue, erkenning van die universiteit as instelling deur verskillende gesagstrukture en stabilisering van die universiteit as instelling deur middel van hervorming waartydens reëls en statute opgestel is. Ten slotte word een van die oudste universiteite, die Universiteit van Bologna, kortliks bespreek om die faktore wat bygedra het tot die totstandkoming van die universiteit te illustreer.

**Die gildestelsel se bydrae tot die stigting van die universiteit**

Die term "universiteit" is afgelei van die Latynse woord *universitas*. Die lettergreep "uni" (eenheid) en "verskeidenheid" (diversiteit) van verskillende wetenskappe gee egter aanleiding tot 'n waninterpretasie van die woord *universiteit*. "The word 'university' has nothing to do with the universality of learning, and it is only by accident that the Latin term universitas has given rise to the established nomenclature." (Dinifle, 1885:17). *Universitas* was 'n Middeleeuse term wat na verskillende beroepsgroepe of gildes verwys het. In moderne terme sou dit verwys het na vakbonde vir verskillende beroepe, soos regters, bouers, skoenmakers, ensovoorts wat as 'n groep (*universitas*) na mekaar se belange omgesien het. Op dieselfde wyse het studente 'n *universitas* gevorm om hul belange te beskerm (Rashdall, 1895:7).

Die term *universitas* was 'n versamelnaamwoord vir 'n groep meesters en studente gewees (Rashdall, 1895:7). Sinonieme vir gilde is onder andere "gemeenskap" of "kollege" en die gilde of groep meesters (*magistrorum)* het as die *collegium* bekend gestaan, waarvan die term *Kolleges* later afgelei is (Janin, 2014:33), en studentegildes as 'n *universitas van studente (scholarium)*.

'n Gilde van studente is gevorm om die *studium generale* onder leiding van 'n groep meesters te bestudeer. Die term *studium generale* het egter nie na 'n algemene plek verwys waar alle vakrigtings aangebied is nie, maar eerder na 'n plek waar studente van regoor die "wêreld" ontvang en onder leiding van 'n groep meesters kon studeer (Rashdall, 1895:8). Dit is altyd in die sin van 'n *universitas magistrorum et scholarium* (gemeenskap van meester en studente) gebruik (Rüegg, 2004:8). Volgens Rashdall (1895:9) het die term "universitas" in die konteks van *universitas magistrorum et scholarium* drie eienskappe: 1) Studente is vanuit verskeie gebiede getrek en nie net die onmiddellike opvangsgebied nie. Hierdie gegewe het skole van die katedraalskole onderskei; 2) dit was 'n plek van gevorderde onderrig in Teologie, Medies of Regte en 3) vakke is deur meer as een meester onderrig.

Gildes of universitas moes 'n eed aflê, wat strafbaar was indien dit verbreek word. Vanweë dié binding was gildes 'n integrale deel van die Middeleeuse samelewing en was hul uitvoerende

gesag met tye selfs sterker as dié van munisipaliteite, prinse en in sommige gevalle konings: "The combined force of the social and the spiritual penalties thus wielded by the Guilds was so enormous that in the Italian cities they often became more powerful than the State" (Rashdall, 1895:150).

Die Middeleeuse universiteit is nie as sodanig erken indien hierdie gildes (studente en dosente) nie vergader het nie. Gevolglik word "universiteit" steeds gedefinieer as 'n gemeenskap van dosente en studente (Van Riessen, 1997:4). Van Engen (2019:22) beskryf dié samestelling soos volg: "In the eventual association of an independent organization into guilds of these wandering scholars, at Bologna, Montpellier, Paris, and elsewhere, lies the orgin of the European university."

## Ekonomiese en intellektuele vooruitgang in Europa tydens die laat Middeleeue

Die term "donker Middeleeue" is welbekend vir talle duister gebeure, byvoorbeeld die verwoestende kruistogte waartydens Christene onder invloed van Rooms-Katolieke pouse heilige oorloë teen Moslemlande veral oor die stad Jerusalem gevoer het (Estep, 1986:9). Dit het voortgespruit uit bepaalde leerstellings aangaande die eindtyd, onder andere dat Jesus Christus oor ongeveer 1 000 jaar sou terugkeer na Jerusalem aangesien dié stad vir Middeleeuse Christene ongeveer 1 000 n.C. uiters belangrik was (Dawson, 1994:25).

Die donker Middeleeue is ook gekenmerk deur peste en siektes – bekend as die Swart Dood – wat eenderde Europeërs uitgewis het (Janin, 2024:9). Hierdie gebeure vergelyk egter nie naastenby met die donkerheid van die laaste eeu, wat gekenmerk is deur die Eerste en Tweede Wêreldoorloë, asook die opkoms van Kommunisme in Rusland en China wat die lewens van miljoene mense geëis het nie (Courtois, Werth, Panné, Paczkowski & Margolin, 1999).

Die Middeleeue staan egter nie as "donker" bekend vanweë al die rampspoedige gebeure nie, maar dit het eerder die Verligtingstydperk, waartydens die mens sy verstand outonoom van God se Woord en die Kerk begin gebruik het, voorafgegaan (Zakai, 2006:81). Volgens Rashdall (1895:30) is "donker" 'n misleidende beskrywing, veral ten opsigte van die ontstaan van universiteite.

Alhoewel meesters en studente deur die eeue heen bymekaar gekom het om te leer, was dit egter eers gedurende die Middeleeue dat hierdie byeenkomste aanleiding gegee het tot die totstandkoming van die universiteit. Dit is teen dié agtergrond en met verwysing na die Middeleeuse geskiedenis dat die term "universiteit" geïnterpreteer moet word. Die Renaissance tydperk is bekend vir die vernuwing van Middeleeuse samelewingstrukture. "Vernuwing" of *renaissance* kom dus oorspronklik uit die Middeleeue. Een van die bydraende faktore tot die Renaissance was die interaksie tussen Europa en die Islam Ryk in die Midde-Ooste tydens die kruistogte (Adriaan, 2003:16). Alhoewel die kruistogte nadelig was vir die Christendom se reputasie, het dit wel ruilhandel en interaksie tussen Europa en die Midde-Ooste moontlik gemaak (Janin, 2014:9). Die gevolg van hierdie interaksie was ekonomiese oplewing en toenemende kennis, wat bygedra het tot die stigting van die universiteit.

Hierdie ekonomiese oplewing was onder meer te danke aan die handel in produkte tussen die Midde-Ooste en Europa, nuwe idees met betrekking tot finansiële bestuur sowel as produkvervaardiging en landboutegnieke (Janin, 2014:20), met die De Medici-familie in Florence (Ricciardelli, 2021:107) as hoogtepunt. Die gevolg van hierdie ekonomiese oplewing was 'n toenemende behoefte aan kennis deur verdere studies weens die feit dat daar meer finansiële steun vir studente sowel as meesters beskikbaar was, soos Cobban (1975:20) hieroor


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n4a?

berig: “The universities were conceived at a time of European urban and economic revival, of radical communal activity and of more accessible communications arising from commercial and Crusading enterprise. A purely humanistic culture was inadequate to sustain an educational system in a vibrant, expanding environment which had unleashed vigorous new forces of intellectual energy.”

Toenemende kennis was die tweede belangrike aspek voortspruitend uit die Renaissance. Interaksie tussen Europa en die Midde-Ooste het daartoe aanleiding gegee dat Antieke Griekse tekste, wat deur die eeue heen in Europa verlore geraak het, herontdek is. Die vonds het uit werk deur Griekse skrywers soos Plato, Herodotus, Homerus en veral Aristoteles wat as ’n “ensiklopedie van kennis” beskou is, asook klassieke Romeinse werke deur Cicero, Seneca en Virgilius sowel as dié van Hippokrates in die mediese veld bestaan (Axtell, 2016:2; Van Engen, 2019:20). Vanweë die besef dat dit waardevolle tekste is, het Europeërs leergierig geraak, wat die soeke na kennis verder aangewakker het. Die gevolg daarvan was dat diegene wat kennis opgedoen het as meesters begin bekend staan het (Rashdall, 1895:27).

Hierdie meesters het ’n liefde vir wetenskapsbeoefening ontwikkel, wat ’n kennisontploffing tot gevolg gehad het (Rashdall, 1895:61). Grundmann (1952:21) beskryf dié leergierigheid soos volg: “In ’n neutedop was die dryfveer vir die ontstaan en groei van universiteite geleë in leergierigheid en wetenskaplike belangstelling, die begeerte om te leer en te weet, die *amor sciendi*.” Die dringende behoefte aan kennis en die bewaring daarvan het aanleiding gegee tot ’n nog groter behoefte aan boeke en tekste. Insameling van kennis in boek- en teksformaat het weer ’n behoefte aan biblioteke laat ontstaan (Axtell, 2016:29). Verder is die oorskryf van tekste ook as waardevol beskou (Cobban, 1975:7). Hierdie behoefte aan en passie vir kennis sowel as meer toeganklikheid daartoe in Europa, in vergelyking met voorheen, het die meesters in staat gestel om met doelgerigte navorsing te begin, asook om oor tekste te besin, wat mettertyd aanleiding gegee het tot wetenskaplike benaderings (Cobban, 1975:17).

Meiner (1970:7) is gemoeid met die interpretasie van die oorsprong van die eerste universiteite. Gevolglik verwys hy na die toename in studentegetalle en meesters as gevolg van die ekonomiese oplewing en intellektuele ontwikkeling gedurende die 12de eeu. Die Middeleeuse samelewing het kultureel net soveel baat gevind by die ekonomiese oplewing en uitbreiding van kennis in terme van kunswerke en indrukwekkende geboue. Afgesien van groter welvaart het persone ook meer tyd gehad om te studeer, wat studentegildes aansienlik laat toeneem het. Die leergierigheid van studente en finansiële ondersteuning was ’n aansporing vir al hoe meer meesters om na vore te tree.

## Kerklike, keiserlike en koninklike erkenning en beskerming van die universiteit

Die Middeleeue word gekenmerk deur ’n stryd tussen die pous en die keiser/koning met betrekking tot wie die meeste gesag gehad het. Pouse en keisers het politiese, ekonomiese, ideologiese en dogmatiese voordeel in hierdie nuwe verhouding tussen studente en meesters (universitas) raakgesien. Gevolglik is regulering of akkreditasie aan universiteite toegestaan, wat die eerste bevoordeling deur die keiser of pous was. Dit was die begin van ’n verhouding tussen die Sacredotium (die Kerk), Imperium (die Staat) en Studium (die Universiteit) (Rashdall, 1895:4).

Erkenning van *universitas* deur kerklike en regerende gesagstrukture het ’n belangrike bydrae gelewer tot die strukturering van die universiteit as instelling. Hierdie erkenning het nie net die universiteit se voortbestaan en individuele identiteit bevorder nie, maar ook ’n belangrike

erkenning van die universiteit se akademiese outonomie en vryheid van inmenging deur kerklike of wêreldlike owerhede tot gevolg gehad. Dit was juis die Edikte wat deur pouse of konings aan universiteite gegee is, wat hierdie outonomie bevestig het en dit moontlik gemaak het vir universiteite om hul eie akademiese rigtings en beleid te ontwikkel (Verger, 2004:53).

Pouse en keisers was daarvan oortuig dat die onafhanklike status van universiteite tot voordeel van hul eie politieke agendas kon strek. Die Kerk het die opleiding van kerklui sowel as die bekamping van dwaalleer deur die regulering van meesters wat by universiteite wou aansluit as voordelig beskou, terwyl die voordeel van universiteite vir keisers in ekonomiese en regsaspekte opgesluit was (Koeppler, 1939:580). Regters wat ten gunste van die keiser opgetree het, het voordele vir die keiser ingehou, terwyl ’n universiteit in ’n sekere Ryksgebied ekonomiese voordele ingehou en prestige aan daardie gebied verleen het (Rashdall, 1895:11).

Die keiserlike behoefte om in besit van ’n universiteit te wees, raak veral duidelik in die stigtinggeskiedenis van die Universiteit in Napels. Keiser Frederik II het in 1224, ná ’n poging om Bolognese meesters en studente nie te straf nie, probeer om ’n universiteit in Napels te stig. Die keiser se poging het egter misluk (Cobban, 1975:25), wat daarop dui dat veel meer as bloot akkreditasie of regulering vir die stigting van ’n universiteit vereis word. Verder blyk dit dat universiteite deur die eeue heen ook as gevolg van verskeie politieke, religieuse en ideologiese konflikte tot stand gekom het (Rüegg, 2004:18).

Erkenning van ’n universiteit as instelling was ook sigbaar in hul bedingingsmag. Voorbeelde hiervan is die stigting van die Universiteit van Cambridge in 1209, toe ’n aantal studente en meesters vanaf Oxford na Cambridge oorgegaan het as gevolg van die vervolging en arrestasie van ’n paar studente in opdrag van die koning (Axtell, 2016:3). Die feit dat ’n *universitas* so maklik van een dorp na ’n ander kon verskuif, is ’n aanduiding van die eerste universiteite se fasiliteite. Groot, indrukwekkende geboue was die eerste universiteite nie beskore nie aangesien hulle geen geboue besit het nie. Studente en meesters moes in beskikbare kamers in die dorp vergader vir klas, wat verskuiwing van een dorp na ’n ander aansienlik makliker gemaak het. Hierdie aanvanklike mobiliteit was ook ’n onderhandelingsmiddel tussen die universitas en munisipaliteite (Rüegg, 2004:55).

Hierdie gemeenskap van meesters en studente, wat die universitas gevorm het, was die hoofskakel tussen Staat en Kerk. Leierskap in die gemeenskap wou op een of ander wyse gesag uitoefen oor die universitas en om dit reg te kry, moes hulle die universitas egter eers afhanklik maak van of positief ingestel kry teenoor die leierskap. Aan die ander kant het hierdie nuwe gemeenskap van meesters en studente die voordele wat pouse en keisers aangebied het, aangegryp aangesien dit weer vir die universitas groei en stabiliteit beteken het. Dus kan die kerklike, keiserlike en koninklike erkenning en beskerming van universitas, sowel as die erkenning van akademiese outonomie, as een van die belangrikste eienskappe van die Middeleeuse universiteit beskou word (Axtell, 2016:45).

## Die stigting van ’n universiteit as instelling met behulp van reëls en statute

Vanweë die feit dat die universitas tot voordeel van die pous, keiser en koning gestrek het sowel as die realiteit van die stede waar byeenkomste plaasgevind het, het daar hoogmoed in die universitas ontstaan aangesien hul vryheid veral deur studente misbruik is. Daar is talle bewyse van munisipaliteite en burgers wat deur studente geteister is, wat tot ’n liefde-haat-verhouding tussen stadsburgers en die universitas aanleiding gegee het (Haskins, 1923:15). Wanorde het orals geheers as gevolg van onvoldoende reëls en gebrekkige strukture in die universitas ondanks die feit dat daar vir die eerste keer in die geskiedenis soveel vryheid,


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n4a?

voordele en erkenning aan studente en meesters gegee is. Die stabiliseringsfase van die universitas kan as een van die belangrikste bydraende faktore in die totstandkoming van die universiteit beskou word, aangesien die aard van universitas vasgestel is deur vrae soos die volgende aan die orde te stel:

- Wat is die universitas?
- Hoe behoort universitas te funksioneer?
- Wat behoort die verhouding tussen studente, meesters en stedelinge te wees?
- Watter strafmaatreëls geld vir oortreders? (Rashdall, 1895:31).

Die stabiliseringsfase van die universitas – 'n proses waardeur talle maatskappye byvoorbeeld ook moet gaan – word deur sommige persone as die eerste hervorming van die universiteit beskryf. Enige nuwe maatskappy wat tot stand kom, moet deur bepaalde ontwikkelingsfases gaan. 'n Skoolstelsel kan as voorbeeld gebruik word. Indien 'n skoolstelsel goed funksioneer, vereis dit nie noodwendig wesentlike veranderinge nie, maar indien daar wanorde en swak leeruitkomste is, dan raak hervorming dikwels onvermydelik.

Die universitas moes op dieselfde wyse stabiliseer deur reëls, beleide en statute op te stel. Hierdie reëls en statute was in die meeste gevalle *de facto* gewees, dit wil sê volgens die beskrywing van bestaande praktyke. Reëls en statute het ook aanleiding gegee tot *de jure*-besluite, wat toonaangewend was vir leiers en wetgewers ten opsigte van wat universitas behoort te wees. Hierdie reëls en statute sluit aspekte soos eksaminering, toekenning van grade en toelatingsvereistes in (Axtell, 2016:6). "If students did not abide by university regulations, they risked being locked up in a detention cell or even being "excluded" i.e., losing the all-important legal protection provided by their university privileges" (Janin, 2014:29).

'n Belangrike bydraende faktor tot die stigting van die universiteit as instelling is dat die reëls en statute van die eerste universiteite as voorbeeld en norm gebruik is vir die stigting van andere in ander dorpe/stede. Reëls en statute het ook die taalgebruik bepaal, wat eenvormige toepassing in ander universiteite moontlik gemaak het (Cobban, 1975:24).[1]

Dit is 'n onbetwisbare feit dat die ontwikkeling van universitas tot die huidige unieke, invloedryke instelling nie moontlik sou gewees het sonder om deur die stabiliseringsfase te gaan nie aangesien al die hervormings deur die eeue heen dit moontlik gemaak het om voortdurend relevant te bly.

**Bologna as voorbeeld van die stigting van die universiteit as instelling**

Ten einde vas te stel watter universiteit die oudste is, moet prestige ter wille van bemarkingsdoeleindes in aanmerking geneem word. Dit is egter moeilik om te bepaal watter universiteit die oudste is vanweë die vraag, wat 'n universiteit is. Bydraende faktore tot die totstandkoming van die universiteit, wat ook in hierdie artikel bespreek is, was in een of ander opsig aanwesig gedurende die aanvangsjare. Die twee universiteite wat akademici as die twee oudste universiteite beskou, is Bologna en Parys (Rüegg, 2004:6; Janin, 2014:27). Alhoewel die Universiteit van Salerno volgens oorlewering as die oudste beskou word, het sekere belangrike faktore ontbreek, wat daartoe aanleiding gee dat Rashdall (1895:6) dié universiteit eerder as 'n semi-universiteit beskryf het.

[1] Vir 'n voorbeeld vir die wyse waarop reëls bepaal is, verwys na: Maffei, D. 1975. Un Trattato di Bonaccorso degli Elisei e i piu antichi statuti dello studio di Bologna nel Manoscritto 22 della Robbins Collection. *Bulletin of Medieval Canon Law*, (5):73-101.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n4a1

Volgens geskiedkundige navorsers is Bologna die oudste universiteit (Rashdall, 1895:6; Haskins, 1923:9; Verger, 2004:48). Bologna het lank voor die totstandkoming van universiteite reeds goed gefundeerde *studium generale*[2] gehad waarvan regsgeleerde meesters, soos Irnerius, deel was (Haskins, 1923:9). Rashdall (1895:160) is van mening dat die begaafdheid en beroemdheid van Irnerius 'n groot aantrekkingskrag vir studente was om aan die Bologna Universiteit te studeer: "The great fame of Irnerius, whose support for the imperial cause, probably did more than any other single influence to draw students of Roman law to Bologna, and this influx was encouraged by the reputation of his great pupils, our four doctors" (Koeppler, 1939:592). Dié vier Doktore, naamlik Martinus, Bulgarus, Jocobus en Hugo was regsgeleerde studente van Irnerius aan Bologna Universiteit wat betrokke was by die regsake in die Ryksgebied van Barbarossa waar Keiser Frederik I van die Roomse ryk in 1155–1190 n.C. geheers het.

Studentegildes in plaas van meesters in Bologna het egter eerder oppergesag in die *studium generale* gehad. Bologna was alombekend vir sy toonaangewende studentegildes ten opsigte van studente en meesters se optredes. Waar Bologna hoofsaaklik uit studentegildes bestaan het, was Parys se universitas gekenmerk deur meesters wat by katedraalskole onderrig het.

Bologna se strategiese ligging, tussen Noord- en Suid-Europa, het tydens die 12de eeu van die Middeleeue bygedra tot die ekonomiese oplewing deur handel te dryf in goedere soos tekstiele, wol, leerprodukte en speserye, wat stabiliteit meegebring het en gevolglik die universiteit se groei verseker het (Postan & Miller, 1987:51).

Die grootste bydraende faktor tot Bologna as eerste universiteit is naamlik die erkenning en beskerming deur keiser Frederik I van Barbarossa aan die *studium generale*. Soos wat Keiser Karel die Grote bekend was vir sy oprigting, erkenning, beskerming en bevordering van onderrig in paleisskole, so het Frederik I ook besef watter voordele die *studium generale* op verskillende vlakke ingehou het (Koeppler, 1939:577). Gevolglik was sy erkenning en beskerming in die vorm van 'n brief, die welbekende *Authentica Habita*.[3] "While the whole trend of development tended towards corporative union, universitates of doctors of scholars were not yet in existence in 1158. The secutiry and protection, which was one of the main functions of such universitates or guilds to provide, had, therefore, to come from an external source. It is in this function that we find the main significance of the Authentica Habita" (Koeppler, 1939:592).

Verder het Keiser Frederik I besef dat die samestelling van die wet deur regsgeleerdes 'n belangrike rol sou vervul in keiserlike belange. Vanweë die feit dat Bolognese meesters en studente die beskerming van die keiser belangrik geag het, was hulle daarvan verseker dat hul regsbelange beskerm sou word en dat hulle vrylik kon beweeg in die Keiserlike Ryk. Hierdie erkenning en beskerming deur keiser Frederik I aan die *studium generale* of *universitas* was 'n groot aantrekkingskrag vir studente regoor Europa om hul studies in Bologna voort te sit en wat daartoe aanleiding gegee het dat studentegildes deur verskillende nasies verteenwoordig was: "Bologna had as many as sixteen nations in the dominant law facutly at one time" (Axtell, 2016:6).

---

2 Dit het as die algemene inleidende deel van 'n student se kurrikulum gedien, en dit het dikwels die Sewe Vrye Kunste ingesluit: grammatika, retoriek, logika (die trivium), asook rekenkunde, geometrie, musiek, en astronomie (die quadrivium).

3 Die eerste volledige publikasie van die Authentica Habita is in die Addendum van Koeppler, H. 1939. Frederick Barbarossa and the schools of Bologna. *English historical review*, pp.577-607.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n4a?

Stabilisering van die Bolognese Universiteit het egter met verloop van tyd, ná verskeie botsings tussen studente en meesters sowel as studente en stedelinge plaasgevind. Daarna was Bologna eers in staat om in samewerking met Parys ’n universiteit as rolmodel vir ander Europese universiteite te stig. Die oudste universiteitstatute wat tans beskikbaar is, is naamlik dié van Bologna wat uit 1252 dateer (Maffei, 1975): “Bologna’s university statutes of 1252, which are the oldest surviving ones and whose drafting may be taken to symbolize the moment at which the university became definitively stabilized as an insittution” (Verger, 2004:49).

## Gevolgtrekking

Die navorsingsvraag vir hierdie artikel is: *Wat is die faktore wat tot die totstandkoming van die Middeleeuse universiteit as instelling bygedra het?* Beskikbare inligting uit geskiedkundige bronne het dit moontlik gemaak om die volgende faktore te identifiseer:

- Die gildestelsel.
- Ekonomiese oplewing en intellektuele ontwikkeling in Europa tydens die Middeleeue.
- Erkenning van die universiteit deur owerhede, wat akademiese outonomie en vryheid verseker het.
- Stabilisering van die universiteit tydens ’n hervormingsfase deur die opstel van reëls en statute wat die funksionering van ’n universiteit moes bepaal.

Bogenoemde faktore was op een of ander wyse ook verantwoordelik vir die totstandkoming van die eerste universiteite. Bologna, die oudste universiteit, is as voorbeeld gebruik om die effek van dié faktore op universiteite oor die algemeen te verduidelik.

Die konsep, *universitas magistrorum et scholarium,* ’n gemeenskap bestaande uit meesters en studente, het uit die gildestelsel ontstaan en het ’n integrale deel van die oorspronklike universiteite uitgemaak. Alhoewel moderne universiteite meer vakrigtings aanbied en verskeie ander rolle, soos navorsing en openbare diens vervul, behoort die hoofdoel, die uitruil van kennis steeds behoue te bly ten spyte van administratiewe en navorsingsdruk op dosente, gepaardgaande met tegnologiese veranderinge. Soos reeds aangedui, het die ekonomiese oplewing en intellektuele ontwikkeling in Europa tydens die Middeleeue bygedra tot die stigting van die eerste universiteite. Aangesien ’n welvarende gemeenskap die nodige finansiële ondersteuning bied vir die oprigting en instandhouding van ’n universiteit is dit vir talle talentvolle individue moontlik om as studente en dosente daarby betrokke te wees. ’n Gunstige ekonomiese klimaat lê dus die grondslag vir kulturele belangstelling en uitbreiding van kennis, wat die behoefte aan hoër onderwys en ondersteuning met die stigting van universiteite verhoog.

Erkenning van die universiteit as instelling deur pouse en keisers het tot gevolg gehad dat hulle begin groei en ’n individuele identiteit ontwikkel het. Hierdie erkenning het die akademiese outonomie van universiteite versterk deur hulle te vrywaar van inmenging deur kerklike of wêreldlike owerhede. Universiteitsregulering vervul steeds ’n belangrike rol in die integriteit van die algehele universiteitstelsel, wat afgebreek word deur sogenaamde “fly by night”-universiteite. Daarom behoort universiteite aktief deel te neem aan die kwaliteitversekeringspraktyke van reguleringsliggame.

In die hedendaagse konteks, sowel in Suid-Afrika as internasionaal, is dit noodsaaklik om die eienskappe en voorwaardes wat bygedra het tot die totstandkoming van die Middeleeuse universiteit te vergelyk met die uitdagings wat moderne universiteite teëkom. Vandag se universiteite verkeer dikwels in ’n omgewing van finansiële druk, globale mededinging en politieke inmenging, wat hul akademiese outonomiteit kan bedreig (Robert *et al*). In teenstelling


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n4a1

met die Middeleeuse universiteit se beskerming deur kerklike en politieke owerhede, is hedendaagse universiteite meer geneig om te moet beweeg deur ’n komplekse netwerk van regulasies en eksterne druk. Die beginsels van outonomie en vryheid, wat so sentraal was aan die Middeleeuse universiteit, moet weer omarm en versterk word om die integriteit en funksionaliteit van moderne hoëronderwysinstellings te verseker.

Ten slotte: daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die Middeleeuse universiteit nie tot die huidige unieke, invloedryke instelling sou ontwikkel het indien dit nie deur die stabiliseringsfase, waartydens reëls en statute opgestel is, gegaan het nie, omdat dit noodsaaklike strukture, beleide en prosedures aan selfs moderne hoëronderwysinstellings voorsien ten einde hoëgehalteonderrig te verseker. Dit is ’n onbetwisbare feit dat die ontwikkeling van die universiteit as instelling gedurende die Middeleeue plaasgevind het. Verder is dieselfde geldige faktore wat in die Middeleeue gegeld het, steeds van toepassing op die universiteit van hierdie eeu. Alhoewel daar geargumenteer kan word dat hedendaagse universiteite meer faktore het om in ag te neem as bloot dié wat vir die totstandkoming van die Middeleeuse universiteit verantwoordelik was, kan laasgenoemde nietemin as minimum vereistes vir huidige hoëronderwysdoeleindes beskou word.

## BIBLIOGRAFIE


Adrian, W. 2003. Christian Universities in Historical Perspective. *Christian Higher Education*, 2(1): 15-33.

Alemu, SK. 2018. The meaning, idea and history of university/higher education in Africa: A brief literature review. *FIRE: Forum for International Research in Education*, 4(3):210-227.

Axtell, J. 2016. *Wisdom’s Workshop: The Rise of the Modern University*. Princeton University Press.

Cobban, AB. 1975. *The Medieval Universities: Their Development and Organization*. London: Methuen.

Courtois, S, Werth, N, Panné, J, Paczkowski, K, Bartosek, K & Margolin, J. 1999. *The Black Book of Communism: Crimes, Terror, Repression*. Translated by Jonathan Murphy and Mark Kramer. Massachusetts: Harvard University Press.

Dawson, JA. 1994. Apocalyptic Thinking of the Marian Exiles. *Studies in Church History, Subsidia*, 10: 25-40.

Denifle, H. 1885. *Die Entstehung der Universitäten des Mittelalters bis 1400* (Vol. 1). Weidmann.

Diedericks, M. 2019. The Idea of a For-Profit Private Christian University in South Africa. *KOERS - Bulletin for Christian Scholarship*, 84(1):1-14.

Diedericks, M. 2022. Die invloed van denklyne van die Duitse universiteitsmodel op hedendaagse kwessies binne universiteitswese. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 62(4):1-12.

Estep, WR. 1986. *Renaissance and Reformation*. Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing Company.

Grundmann, H. 1952. Sacerdotium, Regnum, Studium. *Archiv für Kulturgeschichte*, 34:3-21.

Hall, J. 2013. The revolution in electronic technology and the modern university: The convergence of means. In Evans, T & Nation, D. (eds). *Opening Education: Policies and Practices from Open and Distance Education*. Abingdon: Routledge, pp. 7-20.

Haskins, CH. 1923. *The Rise of Universities*. Henry Holt & Company. (e-Book Kindle).

Higgs, P. 2012. African philosophy and the decolonisation of education in Africa: Some critical reflections. *Educational Philosophy and Theory*, 44:37-55.

Janin, H. 2014. *The University in Medieval Life, 1179–1499*. London: McFarland & Company, Inc.

Kerr, C. 2001. *The Uses of the University*. Cambridge: Harvard University Press.

Koeppler, H. 1939. Frederick Barbarossa and the schools of Bologna. *English Historical Review*: 577-607.

Maffei, D. 1975. Un Trattato di Bonaccorso degli Elisei e i più antichi statuti dello studio di Bologna nel Manoscritto 22 della Robbins Collection. *Bulletin of Medieval Canon Law*, 5:73-101.

Meiner, C. 1970. *Über die Verfassung und Verwaltung der deutschen Universitäten.* 2 vols. Göttingen: Aalen, 1801-2.

Newman, J. 1996 (1852). *The Idea of a University*. New Haven: Yale University Press.

Postan, MM & Miller, E. (eds). 1987. *The Cambridge Economic History of Europe: Volume 2, Trade and Industry in the Middle Ages*. Cambridge: Cambridge University Press.

Rashdall, H. 1895. *The Universities of Europe in the Middle Ages* (Vol. 1). Clarendon Press.

Ricciardelli, F. 2021. *The Medici: The Power of a Dynasty*. Firenze: Mauro Pagliai.

Roberts LK, Saliba, I & Spannagel, J. 2023. *University autonomy and academic freedom*. In: Roberts Lyer, K, Saliba, I & Spannagel, J. eds. *University autonomy decline: causes, responses, and implications for academic freedom*. Abingdon: Taylor & Francis.

Rüegg, W. (ed.). 2004. *A History of the University in Europe. Vol 1: Universities in the Middle Ages*. Cambridge: Cambridge University Press.

Van Engen, J. 2019. Christianity and the University: The Medieval and Reformation Legacies. In Carpenter, JA & Shipps, KW. (eds). *Making Higher Education Christian: The History and Mission of Evangelical Colleges in America*. Eugene: Wipf & Stock Publishers.

Van Riessen, H. 1997. The University and its Basis. *Studies in Christian Higher Education*, 1. Wantirna: The ACHEA Press.

Verger, J. 2004. Patterns. In Rüegg, W. (ed.). *A History of the University in Europe. Vol 1: Universities in the Middle Ages*. Cambridge: Cambridge University Press.

Zakai, A. 2006. The age of enlightenment. In Stephen J Stein (ed.). *The Cambridge Companion to Jonathan Edwards,* pp. 80-99.